

## **Sing vooraf staande: Psalm 86:6 (p. 433)**

- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 43:3 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!  
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,  
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.

## Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Wet

## Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Gebed

## Psalm 19:5 (p. 83)

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.  
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.  
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;  
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.

Skriflesing: Johannes 7

Teks: Johannes 7:18

**Hy wat uit homself spreek, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek  
van die Een wat Hom gestuur het, Hy is waaragtig en daar is geen  
ongeregtheid in Hom nie. (Johannes 7:18 AFR53)**

Hoe dikwels gebeur dit dat ons so naby aan die waarheid kom, maar tog so ver  
daarvandaan bly! Hierdie mense staan voor die werklike Verlosser van die mense en Hy  
sê dit vir hulle, maar hulle wil Hom nie herken nie, en ook nie glo nie.

Om te kan weet waarom hulle die fout gemaak het, en om te sorg dat ons nie dieselfde  
fout maak nie, gee ons in hierdie preek aandag aan die volgende sake:

- 1. Geleerdheid of die wil om te glo**
- 2. Oneerlikheid en aggressie**
- 3. Kennis en eerlikheid**

### **1. Geleerdheid of die wil om te glo**

Die geleentheid is die Loofhuttefees. Ons lees van die instelling daarvan in Leviti-  
kus 23:36-43 en Deuteronomium 16:13-15.

- Dit was die groot fees aan die einde van die oes.
- Dit was beskou as by uitstek die fees van die Here.

Hierdie fees moes in die sewende maand gevier word. Gedurende hierdie maand moes die Jode in hutte woon.

- Hierdie fees is veral vir die Nuwe Testament van belang, want dit het mettertyd die plek ingeneem van die Paasfees as die belangrikste fees vir Israel – soos ons dit kry in Johannes 7.

Tydens hierdie dankfees vir God se genade dat Hy hulle weer geseën het met graan en vrugte sodat hulle kan lewe, leer die Here Jesus in een van die voorhowe van die tempel.

- Die merkwaardige is dat Hy vir die mense begin preek oor die koninkryk van die hemele.
- Daarmee gaan die profesie van Maleagi 3:1 in vervulling sonder dat een van die wat daar teenwoordig is dit kan herken.

Dadelik is daar reaksie op Jesus se prediking. Die eerste indruk van die toehoorders is nie een van simpatie of haat nie, maar van verwondering.

- Hulle vra vir mekaar: Waar kom Hy aan sulke geleerdheid?
- Die Joodse bestryders het met hierdie kwelvraag in hulle binnekante gesit dat iemand wat so baie kennis het, iewers moes studeer het en Jesus het nie.
- Hulle het gedink dat dit net mense soos hulle is wat jare lank aan die Rabbynse skole, veral die een in Jerusalem, gestudeer het wat sulke kennis kan hê.

Paulus het hom ook een keer op hierdie uitgangspunt beroep toe hy in die moeilikheid was en vir die skare gesê het dat hy 'n Fariseër is wat onder Gamaliël gestudeer het (vergeelyk Handeling 22:3).

- Die vraag oor waar Jesus aan sy geleerdheid gekom het, het ook seker onder die skare geloop, want almal kon sien dat Jesus nie die tradisionele klere van die Skrifgeleerdes gedra het nie (vergeelyk Matteus 23:5 en Markus 12:38).

Die Bybel toon aan dat daar baie valsheid sit in die redenasie dat net mense wat wetenskaplike skoling gehad het, kennis kan hê of iets beteken.

- Die mens Jesus het nie gestudeer nie, maar tog het sy kennis die Sanhedrin verbaas.
- Dieselfde het later gebeur met Petrus en Johannes (Handeling 4:13).

Die Jode het die Here Jesus op hierdie punt aangevat.

- Johannes bedoel nie met die woord *Jode* mense met 'n Joodse nasionaliteit teenoor byvoorbeeld die heidene nie.
- Hy bedoel met hierdie beskrywing van hom dat hierdie manne anders is as die gewone volk.
- Hy verwys na die amptelike verteenwoordigers van die volk, naamlik die Sanhedrin.

Op die Jode se verbaasde vraag oor Jesus se geleerdheid sonder dat Hy gestudeer het, antwoord die Here Jesus hulle – Hy antwoord eintlik die beskuldiging wat agter hulle woorde lê.

- Hulle het 'n redenasie gehad dat net iemand wat op 'n Rabbynse skool was, hom kon beroep op die gesag van sy leermeester.
- Daarteenoor het iemand wat nie op die Rabbynse skool was nie, sy “eie leer” voorgedra, en hulle het so 'n man dus as gesagloos en verwaand beskou.

Hulle het geglo dat dit waardeloos was om na so iemand te luister.

- Hulle het dit op Jesus probeer toepas: Hy moet sê wie sy leermeester is sodat hulle kan oordeel met hoeveel gesag Hy praat.
- Anders moet Hy stilbly en loop.

Hierdie standpunt word nou deur Jesus aangespreek.

- Hy antwoord dat sy leer juis rus op 'n erkende outoriteit: God die Vader.
- Hulle beskuldiging dat sy leer in die volle sin sy eie, menslike, ondeurdagte leer is, is dus totaal ongegrond. Die leer van Jesus kom van die Een wat Hom gestuur het.

Dit was inderdaad nie iets nuuts wat Jesus gesê het nie, want in Johannes 5:30 staan daar al geskryf dat Hy die volgende gesê het:

**Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en My oordeel is regverdig, omdat Ek nie My wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.** (Johannes 5:30 AFR53) (vergelyk ook Johannes 8:28; 12:49; 14:24)

Die Here Jesus gaan dan aan om die mense te leer.

- Hy bewys nie dat God die Outoriteit is agter sy leer, soos Hy gesê het nie.
- Hy wys net die pad wat geloop moet word sodat sy hoorders kan erken dat sy boodskap van Goddelike oorsprong is.

Dit is nie 'n akademiese loopbaan wat 'n mens beweeg om God se wil te ken en te doen nie.

- Die geloof word deur die Heilige Gees in 'n mens tot stand gebring.
- In Johannes 5:40 en 42 noem die Here Jesus hierby ook nog die wil van die mens as 'n faktor in hierdie saak.
- Daar staan geskryf dat die mense nie na Jesus toe wil kom nie, en dat hulle die liefde van God nie in hulle het nie.

Dit beklemtoon dat die gelowiges ook verantwoordelikheid aan die dag moet lê as dit by geloof kom.

- Die Here Jesus wys hulle dan sommer op nog 'n ander manier na die Goddelike oorsprong van sy leer en van sy sending deur die Here:  
**... maar hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het. Hy is waaragtig en daar is geen ongeregtheid in Hom nie.** (Johannes 7:18 AFR53)

God het geen ongeregtheid in Hom nie en Hy duld dit ook nie.

- Daarom moet die ware gelowiges 'n behoorlike geloofsoordeel aan die dag lê waarmee hulle ook regverdig oordeel soos die Here.
- As die klomp mense rondom Jesus dit daardie dag gedoen het, sou hulle Jesus nie vals en onskuldig beskuldig het van 'n eie leer nie.

Solank ons nou net onthou dat wat die Here Jesus sê, nie net ons beoordeling van sy leer raak nie.

- Dit raak ons beoordeling van die leer wat deur enige iemand voorgedra word.
- Ons moet met God se regverdigheid en insig kan toets of die persoon waar of vals is.

## **2. Oneerlikheid en aggressie**

Die Here Jesus het in daardie stadium ongeveer al vir 18 maande lank geweet het dat die Jode planne maak om Hom dood te maak. Die besluit om Jesus dood te maak staan al in Johannes 5:17, 18 geskryf.

Daarom verander die Here Jesus sy styl in vers 19. Hy verdedig nie meer nie – meteens val Hy die Jode aan.

- Die Jode weet goed dat die wet van Moses onderhou moes word.
- Moses is iemand wat deur hulle baie hoog aangeslaan word as gesagsbron – hy het dus baie outoriteit aan die wet verleen, maar tog het niemand van hulle die wet onderhou nie.
- Hulle beroem hulle op die uitwendige onderhouding van die wet, maar die geestelike eise van die wet kon hulle nog nooit nakom nie.

Omdat die Here Jesus geweet het dat die Joodse leiers in Jerusalem groot planne gehad het om Hom te laat vang en dan ter dood te veroordeel, het Hy met hierdie fel teregwysing gekom.

- Dit was daarop gerig dat hulle moes oppas; hulle wou Jesus daarvan aankla dat Hy nie die wet onderhou nie (5:16), *maar hulle het self ook nie die wet onderhou nie.*
- Met watter reg en gesag agter hulle kon hulle die Here Jesus daarvan beskuldig dat Hy die wet skend? Hy is heeltemal vry van wetsoortreding (vergelyk Johannes 8:46).

Blykbaar het die lede van die Sanhedrin in daardie stadium die aftog geblaas, want in vers 20 is meteens nuwe mense aan die woord.

- Dit is nie meer die Sanhedrin wat aan die praat is nie.
- Dit is die skare wat saam gestaan en luister het. Dit was hoofsaaklik feespelgrims wat uit ander plekke na Jerusalem toe gekom het vir die fees.

*Om hulle uitroep dat Jesus van die duiwel besete is as Hy dink dat iemand Hom wil doodmaak, te kan verstaan, moet ons in gedagte hou dat hulle waarskynlik nie geweet het van al die planne wat die Sanhedrin in Jerusalem gemaak het om Jesus dood te maak nie, want hulle het buite Jerusalem gebly.*

Verder sou dit waarskynlik so gewees het dat hulle, as gevolg van hulle onkunde, gedink het dat Jesus, die jong Rabbi, te kras is in sy uitsprake teenoor die waardige ou manne van die Sanhedrin.

- Vir die tradisionele Jood van daardie tyd het dit werklik na duiwelbesetenheid geklink om die agbare geestelike leiers van moordplanne te beskuldig.

Jesus weet egter beter as die klomp vreemde feesgangers wat 'n jaar en 'n half gelede in Jerusalem gebeur het.

- Die Here Jesus het toe 'n lam man gesond gemaak – daar het die konflik begin.
- Daardie tyd al het die Sanhedrin amptelik die besluit geneem om Jesus dood te maak (Johannes 5:16).

Van toe af het daar al hoe meer dinge gebeur wat die konflik verskerp het.

- Maar die Here Jesus verwys nou spesifiek na wat daardie dag gebeur het.
- Daarom praat Hy van **een** werk wat Hy gedoen het.

Die feit dat die Here Jesus verwys na die **een** werk wat Hy gedoen het, is terselfdertyd 'n openbaring van waaroor die mense tydens die fees gepraat het:

- Hulle het veral gepraat oor die genesing van die lamme.
- Daarom het die Sanhedrin die gebeurtenis toe gaan gebruik as 'n baie handige beskuldiging teen Jesus.

Al het die feesgangers van buite Jerusalem gedink dat Jesus se woorde raaiselagtig mag klink, het die Sanhedrin baie goed geweet waarvan Jesus gepraat het.

- Ter verdediging van die destydse sabbatsgenesing beroep Jesus Hom op die besnydenis.
- Moses het beveel dat dit op die agste dag gedoen moes word.

Inderdaad is die opdrag in verband met die besnydenis nog baie ouer as wat Moses is, want die Here het in Genesis 17:10 al die opdrag aan Abraham gegee.

- Vir die Jode het dit wetties egter daarvoor gegaan dat die wet deur Moses opgeskryf is en daarom is hulle verbind aan hom.
- Hulle het as gevolg van hulle dwang om die een wet te onderhou, 'n ander wet oortree:
  - Hulle het liever 'n kind op die sabbat besny en daarmee die wet wat geleer het dat hulle nie op die sabbat mag werk nie, oortree, as wat hulle die ander wet oortree het as hulle die kind op 'n weeksdag besny het in plaas van op 'n sabbat.

Dit is so dat die Jode allerhande wette gemaak het om arbeid op die sabbat tot die minimum te beperk, maar dit neem nie weg dat besnydenis op die sabbat werk is wat gedoen word nie.

- Volgens die Rabbyne se sabbatsiening moes die sabbatsgebod wyk voor die besnydenisgebod.
- Die Here wys dan daarop dat hulle verniet kwaad is omdat Hy op die sabbat iemand gesond gemaak het, want hulle werk ook op sabbatdae.
- Die woord vir **kwaad wees** wat hier gebruik word, is nogal merkwaardig, want dit beteken eintlik **dat hulle gal oorloop**.

### 3. Kennis en eerlikheid

Die Here wys op 'n baie belangrike lewensbeginsel wat ook deur ons toegepas moet word:

- Ons moet nooit iets oordeel soos wat dit op die oppervlak lyk en dan daarvoor ons gal laat oorkook nie, want dan kan ons oordeel verkeerd wees omdat dit die werklike saak waarvoor dit gaan, nie raakvat nie.
- Dit is wat met die Fariseërs se galoorkokery gebeur het.
  - Hulle was so hatig op Jesus dat hulle dieselfde dinge gedoen het as Hy, maar hulle het net die Here Jesus alleen skuldig verklaar.

Dit is duidelik dat die Jode toe met hulle argumente opgehou het omdat hierdie antwoord van die Here in die openbaar hulle heeltemal goed op hulle plek gesit het.

- Ons hoor wel dat die mense wat in Jerusalem gebly het en wat geweet het van die Sanhedrin se planne, verbaas is dat hulle niks aan die Here doen nie terwyl hulle geweet het dat die Sanhedrin Hom gesoek het om Hom dood te maak.
- Hulle het Hom selfs nie verbied om verder in die tempel te preek nie.

Die optrede van die Joodse Raad het gemaak dat die skare meteens verward geraak het.

- Hulle het gedink dat die Sanhedrin van mening verander het en dat hulle nou ook gedink het dat Jesus die Messias (Christus) is.
- Self was die skare egter nie so oortuig van Jesus se Messiasskap nie, want hulle argument was dat hulle gedink het dat hulle geweet het waar Jesus vandaan gekom het.
- Daarteenoor het die Joodse oorlewering beweer dat die ware Messias na sy geboorte in Betlehem 'n tyd lank iewers in die geheim sou lewe en dan skielik te voorskyn sou kom in Jerusalem. Sover hulle geweet het, was dit nie die geval met Jesus nie.

Hierdie opmerking van die skare het tot gevolg dat die Here Jesus weer plegtig in die tempel getuig Wie Hom gestuur het.

- Hy wys die Jode daarop dat hulle net van sy uiterlike herkoms weet, maar sy volle herkoms ken hulle nie.
- Daarom is hulle negatiewe konklusie oor Hom totaal verkeerd.

Hy het nie uit Homself gekom nie. Hy is gestuur deur God.

- Maar dit is duidelik dat daar in hulle godsdiens 'n ernstige fout is, want hulle ken nie hierdie Sender – die Here – nie.
- Daarom kan hulle Jesus ook nie herken nie. Die Here Jesus ken hierdie Sender. Daarom kan Hy die hele saak baie kort afsluit met die woorde:

**Maar Ek ken Hom, omdat Ek van Hom kom en Hy My gestuur het.**

(Johannes 7:29 AFR53)

Mens kan van die mense van daardie dag werklik sê:

- So naby aan die waarheid – en tog so ver daarvandaan!
- Maar wat van onself? Hoe naby en hoe ver is ons van die waarheid af?

Die geskiedenis van daardie dag maak mens werklik in verskillende opsigte onrustig.

- Die eerste ding wat pla is dat die leiers van die dag nie die insig gehad het om hulle tyd te lees nie.
- Toe beskuldig hulle die Here daarvan dat Hy die wil van God nie verstaan nie – so erg dat hulle bereid is om Hom dood te maak om daarmee hulle eie standpunt alleen te laat voortleef.

In ons eie tyd se geskiedenis kom hierdie ding van aggressie teenoor die wat nie met jou saamstem nie, ook voor.

- Leer nou uit hierdie gedeelte in die Bybel hoe verkeerd dit is.
- Die enigste Een wat die waarheid in besit gehad het, was Jesus Christus.
- Hy het met groot kalmte sy saak voorgedra, en Hy wou niemand doodmaak nie. Inteendeel, Hy het later self gaan sterf sodat juis hierdie klomp aggressiewe verdwalers verlos kan word tot die ewige lewe.

Die verdere saak wat pla is dat die feesgangers wat daar was die tradisies baie goed geken het, maar die Bybel self het hulle nie geken nie.

- Dit is miskien baie skerp om dit te sê, maar die Here Jesus het self gesê dat hulle God nie ken nie, daarom ken hulle Hom ook nie.
- Ken ons die inhoud van ons Bybels beter as wat daardie mense dit geken het? Dit is 'n groot probleem, want as ons net hier en daar 'n teksvers ken, kan ons ook soos hulle verdwaal tussen die waarheid en die leuen. Ons is nie beter as hulle nie.

Dié saak is baie belangrik, want u moet kan oordeel oor alle ampsdraers wat die Woord van die Here aan u verkondig of hulle God se Woord verkondig en of hulle uit hulleself allerhande wysshede loop en vertel.

- As voorbeeld van gelowiges wat dit gedoen het, noem ek vir u die name van die egpaar Akwilla en Priscilla.
- Hulle het Apollos hoor preek en toe besef dat sy prediking nie op standaard was nie.
- Hulle het hom toe by hulle in die huis ingeneem en hom geleer totdat hy genoeg kennis gehad het en hom toe verder laat gaan.

Kan ons ook wees soos Akwilla en sy vrou?

- Ja, ons kan, want hulle was juis so skerp omdat hulle die genade van die Here Jesus se kruisdood hulle eie gemaak het en omdat hulle baie groot moeite gedoen het om die Here te ken en te aanbid.
- Hulle het hulle hele lewe ingeklee soos wat die Heilige Gees hulle gelei het. Hulle was altyd lewensopgewek – en partykeer het dit maar baie swaar gegaan met hulle, want eenkeer het die keiser hulle uit Rome verban.

Ons moet die woorde van die Here Jesus baie mooi onthou en dan versigtig luister en glo. Die Here het vir ons 'n duidelike riglyn gegee:

**Hy wat uit homself spreek, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het, Hy is waaragtig en daar is geen ongeregtheid in Hom nie.** (Johannes 7:18 AFR53)

Kom ons volg net die Bybel.

- Ons oordeel net volgens die Bybel.
- Ons leef vir die beloftes van die koninkryk van die hemele en ons verlosser Jesus wat op die wolke kom om ons te kom haal.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 89:3 (p. 444)

- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.  
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.  
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 20 Julie 2014